# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"Wat ons weet is belangrik, maar wie ons is, is belangriker"**

MIDSTREAM RIDGE EXCELLENTIA

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

**NUUSBRIEF 07** **24 MAART 2021**

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Dit is met groot dankbaarheid dat ons 'n suksesvolle kwartaal kan afsluit. Na die eerste twee weke se aanlynskool, was ons waarlik geseënd om die res van die kwartaal normaal te kon voortgaan.
Baie dankie aan elke ouer wat die leerders se veiligheid met soveel verantwoordelikheid hanteer het. Ons is opreg dankbaar. Geniet die welverdiende vakansie. Reis en bly asseblief veilig!

Dit is altyd 'n groot verlies om onderwysers aan die buiteland of aan ander provinsies af te staan.

- Mev. Melissa Hunter van die Engelse departement het ons reeds op Vrydag, 19 Maart, verlaat om in Engeland 'n nuwe lewe te begin. *Midstream Ridge Laerskool* gaan haar groot bydrae in die Engelse departement verseker mis. Mev. Ashley Donaldson neem in die tweede kwartaal die leisels by haar oor.
- Mev. Cecilia Engelbrecht verlaat ons op Vrydag, 26 Maart, om in die mooie Kaap haar loopbaan voort te sit. Ons opregte dank vir haar bydrae in die kort tydjie wat sy met ons was. Mev. Marili van Vollenhoven sal in die tweede kwartaal by haar oorneem.

## INLIGTING

### RAPPORTE

Leerders se rapporte sal Vrydag, 26 Maart, om 11:15 op die Ed-Admin Ouer-; Studenteportaal en die slimfoon toepassing, *Edana*, beskikbaar wees.
Die Intersenfase gemiddeld word as volg bereken:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Afrikaans | 20% | Engels | 15% |
| Wiskunde | 20% | Wetenskap | 15% |
| Geskiedenis | 10% | Aardrykskunde | 10% |
| Rekenaars | 5% | Tegnologie | 5% |

Ons is baie trots op ons leerders wat vir die eerste keer 'n punt vir Noord-Sotho op hul rapporte het. Die Noord-Sotho punt is nie by die finale kwartaal gemiddeld in berekening gebring nie.

## OUERAFSPRAKE GRAAD 3

Graad 3-ouers kan vanaf 14 April via die portaal afsprake vir 'n persoonlike ontmoeting met die onderwysers maak. Die datums vir die ouerafsprake is Maandag, Dinsdag en Donderdag – 19, 20 en 22 April. Die prosedure sal deur die klasonderwysers aan u deurgegee word. Sien gids aangeheg.

## STUDIEVAARDIGHEDE-KURSUS

Die skool bied op Saterdag, 17 April, 'n studievaardighede-kursus, hoofsaaklik vir graad 4-leerders, aan. Sien asseblief die aangehegte dokument vir alle besonderhede. Die inskrywings sluit op Vrydag, 26 Maart. Maak dus asseblief seker dat u vorm by die registeronderwysers is.

## DAGPROGRAM 26 MAART

Sien aangeheg die rooster vir Vrydag, 26 Maart. Let asseblief daarop dat die skool om 11:00 sluit vir graad 1 tot 3, en om 11:10 vir graad 4 tot 7.

## NASKOOL

Let asseblief daarop dat die naskoolsorg stiptelik om 16:00 op Vrydag, 26 Maart, sluit. Neem asseblief kennis van die aangehegte inligting rakende die vakansieprogram wat deur die nasorgsentrum aangebied word. Registrasie vir inskrywings sluit vandag, Woensdag, 24 Maart. Na aanleiding van die getal inskrywings sal ons teen Vrydag laat weet of die program voortgaan.

## TEGNOLOGIE DEPARTEMENT

Onthou, indien u die vakansie regpak, ons is steeds op soek na die onderstaande herwinbare items vir die Tegnologie departement, vir bouprojekte wat deur die loop van die jaar by die skool gedoen word.

| | |
|---|---|
| Ou koerante en tydskrifte | Foelie en papierhanddoeke |
| Leë foelie- en papierhanddoekrolle | Wol |
| Tou | Papierstrooitjies |
| Botteldoppies | Tandestokkies |
| Plastieksakke | Vislyn |
| Ballonne (nie opgeblaas nie) | Papierborde (enige kleur of vorm) |
| Sosatiestokkies | Kartondose |

U is welkom om die bogenoemde items enige tyd in te handig, aangesien die Tegnologie department dié items dwarsdeur die jaar wil insamel. Stuur asseblief die items na Vera by ontvangs, Mev. Dinkelmann of Mev. Kruger. By voorbaat dankie vir u ondersteuning.


## GRAAD 1 2022 AANSOEKE

Ouers word versoek om asseblief hulle Graad 1-aansoeke vir 2022 voor Vrydag, **26 Maart 2021** in te dien. Neem kennis dat die skool na 'n aanlyn aansoeksisteem oorgeskakel het. Geen aan-soeke per e-pos of as harde kopie sal aanvaar word nie. Volg dié skakel na Toelatings: http://midstreamridgeprimary.co.za/admissions/ Kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of 012 940 9122, vir enige navrae.

## 2021 PERDRY NUUS

Die *SANESA Core League Qualifier 1* is geskeduleer vir 27 en 28 Maart.

**Baie sterkte aan die Midstream Ridge 2021 Perdry-span:**



Alice Spickett, Bailey Polomé, Caitlin Spies, Jodi Slade,
Chloe Slade, Edith Otte, Erinn Andersen,
Kayla Jansen Van Rensburg, Masedi Kaibe, Mila Cordier,
Mila Kosa, Rylee Clarke and Zara Pappalardo.

**Ons weet dat julle dapper en met trots ons skool verteenwoordig!**

## GRAAD 8-INSKRYWINGS

Graad 8-inskrywings vir 2022 is tot Vrydag 30 April 2021 beskikbaar. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen.

Besoek asseblief die *Midstream College* webblad vir al die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm. https://www.midstreamcollege.co.za/admissions/

Vir enige navrae, kontak me Carine Cronje: carinec@midstreamcollege.co.za.

## TINA COWLEY

Vind asseblief die aangehegte inligting.

Midstream Ridge Groete

**V HARMSE**
**SKOOLHOOF**

**SKOOL OPEN WOENSDAG 14 APRIL 2021**


# HOW TO MAKE MY PARENT AFTERNOON APPOINTMENTS

# HOE OM OUERMIDDAG-AFSPRAKE TE MAAK

## STEP 1 / STAP 1

Access the Parent Portal and fill in your log in details / Besoek die Ouerportaal en gebruik u aanteken besondehede:


https://midstreamprimary.ed-space.net/pparentportal.cfm




## STEP 2 / STAP 2


Click on the “STUDENTS” tab / Klik op die “STUDENTS” oortjie

Click on the learner’s photo on the left hand side / Klik op die leerling se foto aan die linkerkant




## STEP 3 / STAP 3

Click on the Parent/Teacher Appointments / Klik op "Parent/Teacher Appointments"



## STEP 4 / STAP 4

Choose the requested time slot by clicking "Click here to book" / Kies die beskikbare tydgleuf deur op "Click here to book" te klik



Geagte Ouers

## STUDIEVAARDIGHEDE

---

Ons wil graag die geleentheid gebruik om ŉ studievaardigheidswerkswinkel hoofsaaklik aan ons Graad 4-leerders te bied.

- **PLEK:** Midstream Ridge Laerskool (Skoolsaal)
- **DATUM:** 17 April 2021
- **TYD:** **08:00 – 11:00**
- **WIE:** Graad 4-Afrikaanse leerders
- **KOSTE:** R130-00 per leerder (Kontant)

Die werkswinkel is gebaseer op ***ProActive Education Group*** se studiekursus, maar aangepas vir ons skool se behoeftes.
Hierdie werkswinkel is ontwerp om leerders te bemagtig met noodsaaklike vaardighede om eksamen- en toets-studietyd en voorbereidingswerk te hanteer. Leerders sal ook leer hoe om ŉ eksamen te benader en te skryf. Hierdie vaardighede sal leerders tot na hul skoolloopbaan tot voordeel strek.

***As gevolg van Covid-19 regulasies, kan ons slegs een ouer per leerder toelaat om die kursus saam met die leerders by te woon.***

Die studievaardigheidswerkswinkel sluit die volgende basiese kategorieë in, wat aangepas is vir die verskillende ouderdomsontwikkelingsfases:

| | |
|---|---|
| *Die ysberg van die lewe (Werk van onder na bo)* | *Hoe my brein werk (linkerbrein en regterbrein)* |
| *Verstaan ek my akademiese persoonlikheid?* | *Werk slim, nie hard nie* |
| *Doelstellings (studietyd-lessenaar)* | *Boekhou van eie studievordering* |
| *Waar en hoe om te studeer* | *Hoe som ek op?* |
| *Geheue- en Breinkaarte* | *Hoe om eksamenvrae te beantwoord* |
| *Benadering van ŉ eksamenvraestel/toets* | *Eksamen-riglyne* |
| *Bestuur van my stres* | *Goeie eetgewoontes (breinkos)* |
| *ŉ Fisiese eksamenoefeningprogram* | |

Indien u sou belangstel in bogenoemde werkswinkel, word u vriendelik versoek om die meegaande Skeurstrokie te voltooi en saam met die kontant in 'n koevert so spoedig moontlik aan u kind se Registeronderwyser terug te stuur, asseblief.

| | |
|---|---|
| **V HARMSE** | **L RAUTENBACH** |
| **SKOOLHOOF** | **ADJUNKHOOF: AKADEMIE** |

# S K E U R S T R O K I E

## STUDIEVAARDIGHEDE

**(Stuur die voltooide Skeurstrokie en kontant voor of op 26 Maart 2021 terug na u kind se Registeronderwyser, asseblief.)**

Ek, ouer van ......................................................................................, Graad .... A ...., neem kennis van bogenoemde inligting rondom ***Studievaardighede***.

- ❑ My kind wil graag die Vaardigheidswerkswinkel bywoon. ☐
- ❑ Ek sal die kursus saam met my kind bywoon. ☐
- ❑ Hierby ingesluit die bedrag van R130-00. ☐
- ❑ My kind stel nie belang om die Vaardigheidswerkswinkel by te woon nie. ☐

**HANDTEKENING (OUER):** ...............................................................................

**DATUM:** ...............................................................................

| ROOSTER 26 MAART 2021 / TIMETABLE 26 MARCH 2021 | | |
|---|---|---|
| **GRAAD / GRADE** | **TYD / TIME** | **AKTIWITEIT / ACTIVITY** |
| **1 – 3** | 08:00 – 10:00 | Normale dagprogram / Normal day program |
| | 10:00 – 11:00 | **“Easter Meal”** Register klasse / Register classes |
| | **11:00** | **SKOOL SLUIT / SCHOOL CLOSES** |
| | | |
| **7** | 08:00 – 09:00 | Saal: Leiersinhuldiging / Assembly: Leader’s Inauguration |
| **4 – 6** | 08:00 – 09:00 | GOLDEN HOUR Maandag / Monday Period(e) 5 & 6 |
| **4 – 7** | 09:00 – 09:30 | Vrydag / Friday Period(e) 3 |
| | 09:30 – 10:00 | Vrydag / Friday Period(e) 4 |
| | 10:00 – 11:00 | **“Easter Meal”** Register klasse / Register classes |
| | **11:10** | **SKOOL SLUIT / SCHOOL CLOSES** |

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL PRIMARY SCHOOL

Tel: 012 940 9122 | Faks/Fax: 012 687 1575
1 Ridgeway Avenue/Laan, Midstream Ridge | Posbus/PO Box 8, Midstream Estate, 1692

Maart 2021

## NASORG VAKANSIEPROGRAM

---

Geagte Ouers

Ons het dit goedgedink om 'n vakansieprogram aan te bied. Hierdie program sal onder die toesig van ons NASORG dames geskied.

Dit is 'n geleentheid vir ons kinders om onder goeie toesig ontslae te raak van daardie oortollige energie en vir ons ouers om weer op datum te kom met werk.

Die volgende reëlings geld:

- Tyd: 07:30 – 12:00
- Slegs 'n maksimum van 50 leerders sal aanvaar word. Registreer dus vroegtydig.
- Registrasie voor of op 24 Maart om getalle en reëlings te finaliseer.
- Registreer by: stevens@midstreamridgeprimary.co.za of vorster.nicolette@gmail.com
- Medikasie: Enige medikasie moet u kind op die dag vergesel en 'n skriftelike verduideliking van toediening moet per e-pos aan bogenoemde adresse gestuur word.
- Fooie: R200 per dag wat aan die einde van Oktober van u rekening verhaal sal word.

**SKEURSTROKIE PER E-POS**

Hiermee bevestig ek, ________________________ ouer van ______________________________
Graad_________ dat my kind op die volgende dae die addisionele nasorg sal bywoon:

Merk blokkie met "X"

| 6/04 | 7/04 | 8/04 | 9/04 | 12/04 | 13/04 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

Ek bevestig ook hiermee dat fooie aan die einde van Oktober van my rekening verhaal kan word.

Kontakbesonderhede van ouer:
Selfoonnommer _______________________ E-pos _______________________________

Addisionele kontakpersoon: Naam ________________________________________

Selfoonnommer _______________________ E-pos _______________________________



# Tina Cowley Leessentrum Midstream

Winkel 6 Shopping on Ridgeway
Oorkant Midstream Ridge Laerskool
Tussen Wimpy en Godfather

## Lesers is Presteerders

Koste
R550
Eenmalig

## Evaluasie

Tina Cowley Leessentrum Midstream doen 'n evaluasietoets om te bepaal op watter leesvlak 'n leerling is.
Die leesevaluasie evalueer al die aspekte van lees.
Indien dit nodig mag wees om 'n kind by die leessentrum in te skryf, sal hy/sy die leessentrum eenmaal per week besoek vir 'n uur en 'n half
(45 minute leesterapie en 45 minute geheuemetode terapie)
Indien 'n student nog nie kan lees nie doen ons 'n basiese leesvaardigheidstoets waar ons al die basiese leesvaardighede evalueer asook die dominansie bepaal en oogspier bewegings toets

## Wat behels die klasse?

Koste
R540
Maandeliks

Ons werk aan al die vaardighede wat nodig is om leesspoed, begrip, spelling, klank-en letterherkenning en al die basiese vaardighede van lees te verbeter.
Basiese vaardighede sluit in: posisie in die ruimte, vormwaarneming, opeenvolging en ouditiewe vaardighede

Ons program fokus op leesvaardighede soos begripslees en spoedverbetering om leerlinge te help om makliker en vinniger te studeer, te leer, wat help met die versterking van oogspiere vir die leesaksie word ook gedoen. sowel as met vraestelbeantwoording. Weeklikse oogoefeninge,



Afrikaanse Leesklasse:
Maandag-Donderdag 14:00-17:00
Vrydag 14:00- 15:30



Bespreek nou jou evaluasie!

ESTARI
0845807755
nelestari@gmail.com